AKADEMIA
STUDENTENUUSBRIEF



# MY AFRIKAANSE STUDIETUISTE

## BRIEF VANAF **STUDENTESAKE**

**SO EINDIG 2020!**

Wie sou kon raai dat 2020 uiteindelik sy einde kon bereik (en dat ons weer kan rondbeweeg)? Hierdie jaar het sy uitdagings gehad, maar kon studente aan Akademia grootliks met hulle studies voortgaan.

Vanaf studentesake het ons ook 'n aantal nuwe hoogtes bereik. Saam met julle het ons steeds gekuier, steeds aan sport deelgeneem en steeds ons jaarlikse damestee gehad. Ons het ook 'n Mnr. & Me. Akademia kon aanwys, en ons het 'n splinternuwe Studenteraad vir 2021.

Was hierdie 'n maklike jaar? Nee. Het elkeen van julle bo uitgekom en hierdie jaar kafgedraf? Ja.

Vir elkeen van julle wil ek geluk en ook dankie sê. Sonder julle kan ons nie Akademia die beste tersiêre instelling maak nie.



Sonder julle kan ons nie lag vir studente-stories en -streke nie.

So, vat hierdie Desember-vakansie, geniet elke sekonde daarvan en pak 2021 met 'n glimlag aan.

Geseënde Kersfees, julle.

-

Vriendelike groete,
**Sunel Combrinck**
*Studentesakekoördineerder*

## DIE AKADEMIA **ALUMNIVERENIGING** — WELKOM FINALEJAARSTUDENTE!



DIE AKADEMIA ALUMNIVERENIGING (AAV) IS OPGEWONDE OM FINALEJAARSTUDENTE BY DIE ALUMNI WELKOM TE HEET.

*Lees meer*

## STUDENTERAAD**NUUS** — TERUGFLITS OP PROJEKTE WAT VERBY IS



**GEMEENSKAPPROJEK 2020:**
Akademia-studente gee terug

2020 was 'n jaar vol uitdagings, maar dit het nie Akademia-studente se omgee-harte gedemper nie. Tydens die jaar is vier gemeenskapsprojekte uitgerol, elk in samewerking met Helpende Hand.

Klik hier vir terugvoer oor hierdie projekte.



**MNR. & ME. AKADEMIA 2020/2021**

In 'n jaar vol verandering het Akademia die 2020/2021 Mnr. & Me. Akademia-kompetisie ook ietwat anders benader. Daar was nie net 'n foto benodig nie, maar 'n "sterk gemeenskapsprojek deelname". Met die oog op hierdie opwindende projek, het ons gaan kennis maak met Akademia se Mnr. & Me. Akademia en die Gemeenskapsambassadeurs, vir 2021.

Lees meer



**NEGE DINGE** VIR AKADEMIA-STUDENTE OM HIERDIE DESEMBER TE DOEN

**Of jy nou seewaarts keer, 'n groot Kersete beplan, of sommer net met Jan Tuisbly se karretjie ry, is Desembervakansies sinoniem met familie, vriende, lekker tye en lekkernye!**

Hierso is nege voorstelle vir Akademia-studente, wat jy by jou vakansieplanne kan inwerk.

*Lees meer*



**17 NOVEMBER:** INTERNASIONALE STUDENTEDAG

**Die 17de November is Internasionale Studentedag. Hierdie dag word gevier om te verseker dat onderrig toeganklik en beskikbaar is vir almal. Maar ken jy die storie?**

Ons het vir Akademia-studente gevra.

*Lees meer*

## STUDENTE-**STORIES** — STUDENTE MET INISIATIEF



Die waardes waarop Akademia gebou is, word beklemtoon deur innoverende studente, wat nie terugstaan om die geleenthede wat in hul verskeie gemeenskappe sigbaar is, aan te gryp nie.

Die Studente-stories reeks skop af met vyf Akademia-studente wat oor uitsonderlike entrepreneuriese vaardighede beskik.

**LEES MEER**

## ADVERTENSIEBLAD




**AKADEMIA-WINKEL**

Bestellings kan tot en met 5 Desember geplaas word. Bederf jouself en daag in 2021 klasgereed op! Besoek winkel.akademia.ac.za

## LOOPBAANONTWIKKELING: **WERKNET**



**SOEK JY OOR DESEMBER VAKANSIEWERK? OF HET 2020 DALK SY TOL GEËIS? ONGEAG DIE REDE, WERKNET IS HIER OM JOU TE HELP WERK SOEK.**

*Volg hierdie skakel en kyk watter poste is gelys.*

## FROUEVONDS DAGBEPLANNER 2021 – 'N DAGBEPLANNER MET 'N DOEL!

Die FroueVonds stel vir die eerste keer 'n dagbeplanner bekend. Dié A5-grootte, hardeband dagbeplanner word uitgegee deur die *Finesse Voelgoed-tydskrif*, met daaglikse inspirasie deur Lynette Beer. R50 van elke dagbeplanner word teruggeploeg in die FroueVonds om studiegeleenthede vir behoeftige meisies en vroue moontlik te maak.

*Besoek www.frouevonds.co.za vir meer inligting en om jou bestelling te plaas.*

